

**Maandag 5 September**

**Skrifgedeelte: Matteus 24:23-28**

**Fokusgedeelte: Matteus 24:23-27**

**Jesus se wederkoms oombliklik, oral, vir almal sigbaar**

Hoe moet ons die voorspellings oor die datum van Christus se wederkoms hanteer? Jesus het uitdruklik gewaarsku dat niemand – selfs nie die Seun nie – weet watter dag en uur dit sal wees nie (Matt. 24:36). Tog waag die mense dit. Ene Ronald Weiland het vier datums gewaag: 2011, 2012, 2013 en 2019! Ook die Covid-19-pandemie is aan die eindtyd verbind.

In Jesus se prentjie sê iemand: *“Kyk, hier is die Christus! ... in die woestyn! ... in die binnekamer!”* Die een wil jou woestyn toe vat om te sien, die ander weer binnekamer toe. Só, sê Jesus, kan jy net by ’n vals Christus uitkom. Hy noem sulke aanwysers vals profete wat selfs die uitverkorenes probeer mislei. Hulle gee voor dat Jesus se wederkoms sal wees soos sy koms. Onopvallend is Hy as die Seun van Josef en Maria in die stal in Betlehem gebore. Die engel moes die skaapwagters daarheen beduie (Luk. 2:11, 12). Die voorstelling dat ook die wederkoms aangewys sal moet word, misken die heerlijkheid van Christus.

Jesus se wederkoms sal in werklikheid wees soos ’n weerligstraal wat in ’n oomblik van die ooste na die weste klief. Die intensiteit sal almal laat skrik. Dit sal selfs deur toe ooglede dring. Om vir enigiemand te sê: *Kyk!* sal totaal oorbodig wees. In daardie oomblik sal almal, oral Christus in sy heerlijkheid sien (Op. 1:7). Noodwendig gaan *elke knie* in sy Naam buig en *elke tong sal bely*, *“Jesus Christus is die Here!” tot eer van God die Vader* (Fil. 2:10, 11).

Ons wat deur Hom verkies is, weet dat ons getroue God en Vader sorg dat ons nie mislei word nie. Elkeen moet, deur die Heilige Gees aan die hand van die Woord van God daartoe voorberei, gereed wees om die verheerlikte Christus te ontmoet. *Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)*